



# Nalibali

It starts with a story...

## Putting stories at the centre

The beginning of a new year is always a good time to make decisions about what you want to experience and achieve over the next 12 months. Have you thought about including stories and reading in your 2015 resolutions? How about putting stories and reading at the centre of your home this year? Here are some suggestions to get you started.

**1 DECIDE ON YOUR READING AND STORY GOALS.** Let each family member write down their own list of goals. Here are examples from some of the reading clubs in the Nalibali network:

- Read for an hour a day.
- Finish the *Diary of a Wimpy Kid* series.
- Read all the books by my favourite author.
- Read a book by five authors I have not tried before.
- Read 24 novels.
- Read to my younger sister every day.

Display everyone's goals and then tick them off as you achieve them!

**2 HAVE "STORY SUPPERS"!** Let a different family member tell a story during supper time once a week. This story could be one that they have read or heard, or a new one that they have made up! You could also create a story together by letting one family member tell the beginning of a story and then letting everyone else add a bit to the story until it is complete!

**3 READ ALOUD EVERY DAY.** Set aside 15 minutes every day to read aloud to your children. Many children enjoy being read to at bedtime, but some children may find it easier to concentrate at other times in the day, or if you break the time into two shorter sessions. It really doesn't matter when you read together each day – it's doing it regularly that counts!

**4 EXPLORE YOUR LIBRARY.** If you have a library near you, get into the habit of visiting it regularly with your children. Allow enough time for your children to look at lots of books, and for you to chat about them before they decide which ones to borrow.

Happy reading!

## Maak stories die middelpunt

Die begin van 'n nuwe jaar is altyd 'n goeie tyd om besluite te neem oor wat jy in die volgende 12 maande wil ervaar en bereik. Het jy al daaraan gedink om stories en lees by jou voornemens vir 2015 in te sluit? Wat daarvan as jy stories en lees hierdie komende jaar die middelpunt van jou huishouding maak? Hier volg 'n paar voorstelle om jou aan die gang te kry.

**1 BESLUIT OOR JOU LEES- EN STORIEDOELWITTE.** Laat elke familielid hulle eie lysie met doelwitte neerskryf. Hier volg 'n paar voorbeelde van doelwitte van die leesklubs in die Nalibali-netwerk:

- Lees elke dag vir 'n uur.
- Lees die reeks, *Diary of a Wimpy Kid*, klaar.
- Lees al die boeke deur my gunstelingskrywer.
- Lees 'n boek deur vyf skrywers van wie ek nog nie voorheen 'n boek gelees het nie.
- Lees 24 romans.
- Lees elke dag vir my jonger suster.

Stal almal se doelwitte uit en merk dit dan af soos julle dit bereik!

**2 HOU "STORIE-AANDETES"!** Neem beurte en laat 'n ander familielid een keer per week tydens aandete 'n storie vertel. Hierdie storie kan een wees wat hulle gelees of gehoor het, of 'n nuwe een wat hulle opgemaak het! Julle kan ook saam 'n storie skep deur een familielid 'n storie te laat begin, en dan kry elkeen 'n kans om 'n bietjie by die storie by te las totdat dit klaar is!

**3 LEES ELKE DAG HARDOP.** Sit elke dag 15 minute opsy om hardop vir jou kinders te lees. Baie kinders hou daarvan as jy met slaaptyd vir hulle lees, maar sommige kinders vind dit makliker om tydens ander tye van die dag te konsentreer, of as jy die leestyd in twee korter sessies opbreek. Dit maak nie regtig saak wanneer julle elke dag saam lees nie – wat belangrik is, is dat julle dit gereeld doen!

**4 VERKEN JULLE BIBLIOTEEK.** As daar 'n biblioteek naby julle is, maak 'n gewoonte daarvan om dit gereeld saam met jou kinders te besoek. Laat genoeg tyd toe vir jou kinders om na baie boeke te kyk, en vir julle om daaroor te gesels voordat hulle besluit watter boeke om uit te neem.

Lekker lees!



Drive your imagination

Story Power.  
Bring it home.  
Bring dit huis toe.







## Nal'ibali news

In October 2014, Nal'ibali launched a national billboard campaign called "Story Power. Bring it home." to raise awareness about the power stories have to help our children reach their potential.

The billboards were created to inspire moms, dads, grandparents, neighbours and other caregivers to share stories with the children in their lives. Why? Because children who read for pleasure, perform better in the classroom, and not just in vocabulary and spelling, but also in Maths. And, of course, stories are a great way to get babies and children interested in books and reading.

Nal'ibali held a special storytelling in Pimville, Soweto to help unveil the last of 500 billboards that are now to be seen across South Africa. Here are some photos of the event.



The last Story Power billboard being put up.  
Die laaste Story Power-reklamebord word opgesit.



Children at the event enjoying a story told by Antoinette Sithole.  
Kinders by die geleentheid geniet 'n storie wat deur Antoinette Sithole vertel word.

To watch a video of the event and see interviews with Antoinette Sithole and Mandi Vundla, go to [www.youtube.com/TheNalibaliChannel](http://www.youtube.com/TheNalibaliChannel).

Om na 'n video van die geleentheid en onderhoud met Antoinette Sithole en Mandi Vundla te kyk, gaan na [www.youtube.com/TheNalibaliChannel](http://www.youtube.com/TheNalibaliChannel).

## Nal'ibali-nuus

In Oktober 2014 het Nal'ibali 'n nasionale reklamebordveldtog geloods met die naam, "Story Power. Bring dit huis toe.", om bewustheid te kweek vir die mag wat stories het om ons kinders te help om hulle potensiaal te bereik.

Die reklameborde is geskep om ma's, pa's, grootouers, bure en ander versorgers te inspireer om stories met die kinders in hulle lewens te deel. Waarom? Want kinders wat vir genot lees, presteer beter in die klaskamer, en nie net in woordeskat en spelling nie, maar ook in Wiskunde. En natuurlik is stories 'n wonderlike manier om babas en kinders in boeke en lees te laat belangstel.

Nal'ibali het 'n spesiale storievertel-geleentheid in Pimville, Soweto gehou om te help om die laaste van 500 reklameborde te onthul wat nou oor die hele Suid-Afrika gesien kan word. Hier is 'n paar foto's van die geleentheid.



Children from the reading clubs at Motjoli, Winnie-Ngwekazi and Tshebedisano Primary Schools celebrating with special guests, Mandi "Poefficient" Vundla (a writer and spoken-word ambassador) and Antoinette Sithole (local role model, storyteller and sister of Hector Pieterse).

Kinders van die leesklubs by Laerskole Motjoli, Winnie-Ngwekazi en Tshebedisano, vier dit saam met spesiale gaste, Mandi "Poefficient" Vundla ('n skrywer en ambassadeur van die gesproke woord) en Antoinette Sithole (plaaslike rolmodel, storieverteller en suster van Hector Pieterse).

**"Parents and grandparents: storytelling can bring your children closer to you."**  
Antoinette Sithole

**"Ouers en grootouers: om stories te vertel kan jou kinders nader aan jou bring."**  
Antoinette Sithole




## Nal'ibali on radio!

Enjoy listening to stories in Afrikaans and in English on Nal'ibali's radio show:

RSG on Monday, Wednesday and Friday from 7.10 p.m. to 7.20 p.m.

SAfm on Monday to Wednesday from 1.50 p.m. to 2.00 p.m.



## Nal'ibali op die radio!

Geniet dit om in Afrikaans en Engels op Nal'ibali se radioprogram na stories te luister:

RSG op Maandag, Woensdag en Vrydag vanaf 7.10 nm. tot 7.20 nm.

SAfm op Maandag tot Woensdag vanaf 1.50 nm. tot 2.00 nm.

### Create your own cut-out-and-keep book

1. Take out pages 3 to 6 of this supplement.
2. Fold it in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again.
4. Cut along the red dotted lines.

### Maak jou eie knip-uit-en-bêreboekie


1. Haal bladsye 3 tot 6 van hierdie bylae uit.
2. Vou dit op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte.
4. Sny dit uit op die rooi stippellyne.





Muis het 'n plek nodig wat warm en droog is.

Mouse needed somewhere warm and dry.



Daardie aand is Muis se drome koud en nat.

“Dankie,” sê Muis.

“Jy kan by my kom slaap,” sê Vis.

That night, Mouse's dreams were cold and wet.

“Thank you,” said Mouse.

“You can come and sleep with me,” said Fish.



Fold

We believe every child should own a hundred books by the age of five.

Become a book-sponsor and help change the world.

Get involved at [bookdash.org](http://bookdash.org)



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org), of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



Fold

# A house for Mouse 'n Huis vir Muis

Michele Fry  
Amy Uzzell  
Jennifer Jacobs







Fold


Fold

“You can come and sleep with me,” said Parrot.  
“Thank you,” said Mouse.  
That night, Mouse’s dreams were noisy and wild.  
“Jy kan by my kom slaap,” se Papegaa.  
“Dankie,” se Muis.  
Daardie aand is Muis se drome raserig en wild.



Mouse was looking for a house.

Muis soek ’n huis.



Fold

“You can come and sleep with me,” said Puppy.  
 “Thank you,” said Mouse.  
 That night, Mouse’s dreams were bouncy  
 and muddy.  
 “Jy kan by my kom slaap,” sê Babahondjie.  
 “Dankie,” sê Muis.  
 Daardie aand is Muis se drome springerig  
 en modderig.



That night, Mouse had warm and cosy dreams.

Good night, Mouse.

Daardie aand droom Muis snoesige drome.

Goeienag, Muis.



Fold 5



Muis vind 'n boekrak daar naby.

Mouse found a bookshelf nearby.



Fold



This looks like a nice house.

Dit lyk na 'n lekker huis.

Fold 6





## Get story active!

Here are some suggestions of questions you could ask your children as you read *A house for Mouse*, and also some activities to do afterwards.

### As you read ...

**Pages 2 and 3:** Can you see Mouse? Who do you think lives in that house?

**Pages 4 and 5:** Where do you think Mouse is now?

**Page 6:** Why do you think Mouse's dreams were bouncy and muddy?

**Page 7:** Why do you think Mouse's dreams were noisy and wild this time?


**Page 8:** Why do they think Mouse's dreams were cold and wet?

**Pages 10 and 11:** Can you see Mouse? What else can you see in this picture?

**Pages 12 and 13:** (Point to the books.) What do you think those are?

### After reading ...

- Suggest that your children draw a picture of Puppy and Parrot from the story.
- Encourage them to use old boxes to create their own house for Mouse.
- Let your children cut out the picture of Mouse and stick it onto some cardboard. They can use this cut-out to retell the story or to tell their own stories about Mouse. (They could also use the house they made in their stories!)



## Raak doenig met stories!

Hier volg voorstelle van vrae wat jy vir jou kinders kan vra terwyl julle 'n *Huis vir Muis* lees, en ook aktiwiteite wat julle na die tyd kan doen.

### Terwyl julle lees ...

**Bladsye 2 en 3:** Kan julle vir Muis sien? Wie dink julle woon in daardie huis?

**Bladsye 4 en 5:** Waar dink julle is Muis nou?

**Bladsy 6:** Waarom dink julle is Muis se drome springerig en modderig?

**Bladsy 7:** Waarom dink julle is Muis se drome hierdie keer raserig en wild?

**Bladsy 8:** Waarom dink julle is Muis se drome koud en nat?

**Bladsye 10 en 11:** Kan julle vir Muis sien? Wat anders kan julle in hierdie prent sien?

**Bladsye 12 en 13:** (Wys na die boeke.) Wat dink julle is dit?

### Nadat julle gelees het ...

- Stel voor dat jou kinders 'n prent van die karakters Babahondjie en Papegaaï teken.
- Moedig hulle aan om ou bokse te gebruik om hulle eie huis vir Muis te maak.
- Laat jou kinders die prent van Muis uitknip en dit op karton vasplak. Hulle kan hierdie uitgeknipte muis gebruik om die storie oor te vertel of om hulle eie stories oor Muis op te maak. (Hulle kan ook die huis wat hulle gemaak het in hulle storie gebruik!)



# Story Power.

Bring it home.  
Bring dit huis toe.



It starts with a story...



# Story corner

Here is a new story to read aloud or retell. It is about Sibü and the problem of his sneezing!

## A little bit (Part 1) By Wendy Hartmann

When Sibü moved into iLanga Avenue, Mrs Magona told all the neighbours to bring a little bit of this and a little bit of that, to welcome him. So Sibü made good friends. They liked him and he liked them.

Unfortunately there was one thing that upset everyone. Sometimes Sibü sneezed. And his sneezes were the worst sneezes in the whole world. When he stood in the doorway of his little home and went ... sniff, sniff, sniff, ... aah, aah ..., everyone panicked.

One morning, Sibü opened his front door. Out ran a little black cat and out stepped Sibü. He lifted his head, opened his mouth and said, "Ah, aahh ..."

"NO!" yelled Mrs Magona. "Don't let him sneeze. The last time that happened, it blew my washing into the vlei. Stop him right now!"

"NOOO!" screamed Mr Samson. "The last time Sibü sneezed he blew all my red roses flat. They were beautiful and just ready to sell. Stop him!"

"Ah, AAAH, AAAAH ..."  
went Sibü.

"Noooooo!" shouted Jabu and Nozi. "The last sneeze blew our homework away. The teacher wouldn't believe us when we told her it was because of a sneeze."

"Quick! We'll try a little bit of this and a little bit of that to stop him sneezing," said Mrs Magona with a peg in her hand. She put the peg on Sibü's nose.

"Aa, aahh ... That hurts! Please take it off," said Sibü.

Mr Samson brought Sibü a glass of water. "Hold your nose and drink this," he said.

*Glug, glug.* Sibü swallowed and started to cough.

"Quickly," said Jabu holding out a bowl of porridge. "Eat this."

"It will keep your mouth busy," said Nozi, "and wiggle your nose."

"Aaaaa ..." said Sibü pushing the bowl away.  
"Ah, aahh ..."

So everyone just stood and stared and waited.

The little black cat sitting on the wall watched and waited. She knew exactly what would happen. The washing would soar, the flowers would flatten, the homework would fly, and then three important things would happen. Her fur and whiskers would wave in the big wind. The sand would blow into the cracks of the wall ... and then ... best of all ... the mice would run out. And she was hungry.

**Get your supplement next week and find out if anyone is able to come up with a plan to stop Sibü from sneezing.**



Illustration by Shân Fischer  
Illustrasie deur Shân Fischer

# Storiehoekie

Hier volg 'n nuwe storie om hardop te lees of oor te vertel. Dit gaan oor Sibü en die probleem van sy niesery!

## 'n Klein bietjie (Deel 1) Deur Wendy Hartmann

Toe Sibü in iLanga-laan intrek, vra mev. Magona vir al die bure om 'n klein bietjie van dit en 'n klein bietjie van dat te bring om hom te verwelkom. So maak Sibü goeie vriende. Hulle hou van hom en hy hou van hulle.

Ongelukkig was daar een ding wat almal ontstel het. Soms het Sibü genies. En sy niese was die ergste niese in die hele wêreld. Wanneer hy in die deur van sy klein huisie staan en ... snuif, snuif, snuif, ... aaa, aa ..., maak, raak almal paniekerig.

Een oggend maak Sibü sy voordeur oop. 'n Klein swart katjie hardloop buitendoe en Sibü kom agterna. Sibü lig sy kop op, maak sy mond oop en sê: "Aa, aaa ..."

"NEE!" roep mev. Magona. "Moenie dat hy nies nie. Die laaste keer toe dit gebeur het, het dit my wasgoed tot in die vlei gewaai. Stop hom nou dadelik!"

"NEEE!" skree mnr. Samson. "Die laaste keer toe Sibü genies het, het dit al my rooi rose plat gewaai. Hulle was pragtig, en net reg om verkoop te word. Stop hom!"

"AA, AAAA, AAAAA ..." maak Sibü.

"Neeeeeee!" gil Jabu en Nozi. "Die laaste nies het ons huiswerk weggewaai. Die juffrou wou ons nie glo toe ons haar vertel dis 'n nies wat dit weggewaai het nie."

"Gou! Ons probeer 'n klein bietjie van dit en 'n klein bietjie van dat om die nies te keer," sê mev. Magona met 'n wasgoedpennetjie in haar hand. Sy knyp Sibü se neus met die wasgoedpennetjie toe.

"Aa, aaaa ... Eina! Haal asseblief die pennetjie af," sê Sibü.

Mnr. Samson bring vir Sibü 'n glas water. "Knyp jou neus toe en drink dit," sê hy.

*Gloeg, gloeg.* Sibü sluk en begin hoes.

"Gou," sê Jabu en hou 'n bakkie pap na Sibü toe uit. "Eet dit."

"Dit sal jou mond besig hou," sê Nozi, "en jou neus laat wikkel."

"Aaaaa ..." sê Sibü en stoot die bakkie weg. "Aa, aaaa ..."

Almal gaan staan en staar en wag toe maar.

Die klein swart katjie wat op die muur sit, wag en kyk. Sy weet presies wat gaan gebeur. Die wasgoed sal in die lug opwaai, die blomme sal platgevee word, die huiswerk sal wegvlieg en dan sal drie belangrike dinge gebeur. Die groot nies sal haar pels en snorbaarde ritsel. Die sand sal in die krake in die muur inwaai ... en dan ... die beste van alles ... sal die muise uithardloop. En die katjie is honger.

**Kry volgende week jou bylae en vind uit of enigiemand met 'n plan vorendag kan kom om te keer dat Sibü nies.**